

# ANB NUUSBRIEF

Junie 2006

Amtelike spreekbuis van die Afrikaner Nasionalistiese Beweging

Nommer 9

## DIE ANB VIER REPUBLIEKDAG IN PRETORIA

**VIR die eerste keer in jare beleef Pretoria vanjaar weer 'n behoorlike koue winter. Maar op 27 Mei was die koue vir 'n dag lank vergeete by die terrein van die Toutreklapa in Pretoria se sentrale Moot. Die rede hiervoor was dat die ANB se Republiekfees Boereharte warm laat klop het met 'n onvergeetlike dag van lekker kuier, warm Boerekos, heerlike ontspanning én Afrikanerkultuur wat deur oud en jonk geniet kon word.**

Die Voorslag-tak in samewerking met omliggende takke van die ANB se maandelange beplanning en voorbereiding het uitloop op 'n heerlike dag, waartydens Republiekdag luisterryk gevier is.

Die dag is begin met 'n aanskoulike vlagsereemonie, waartydens die ANB se amptelike vlag vir die eerste keer op 'n funksie van dié beweging gehys is. Hieraan het 'n aantal jong Afrikanernasionaliste deelgeneem. Mnr. Joop Brown, beskermheer van die ANB, het as deel van die sereemonie amptelik 'n vlag aan die beweging se voorsitter, mnr. Willie van der Grijp, oorhandig. Mnr. Brown het die volgende plegtige woorde tydens die oorhandiging gesê: *"Geagte mnr. van der Grijp, waar die vlag van die ANB vir die eerste maal in gebruik geneem word en by hierdie geleentheid gehys sal word, glo ons dat u dit met trots in ontvangs neem. En dat u dit met dieselfde trots sal bekend maak, reg deur ons land waar u ookal gaan, waar die ANB dit as simbool van eenheid van die ware Afrikanernasionalis sal erken en eerbiedig."* Met ontvangs van die vlag het mnr. Van der Grijp soos volg geantwoord: *"Wat 'n besondere eer om hierdie vlag met trots van u, oom Joop, namens die ANB in ontvangs te neem. Ek onderneem om vir solank dit vir my moontlik is aan u versoek te voldoen. So help my God."* Ná die saluut is die vlag gehys. Daarna het ds. Piet Viljoen die dag geopen.

Na hierdie aandoenlike opening het die ANB se tweede hoofbestuursvergadering van die jaar plaasgevind. In sy verwelkomingsrede het die ANB se voorsitter, mnr. Willie van der Grijp, beklemtoon dat die viering van geskiedkundige dae soos Republiekdag vir die ANB van kardinale belang is. Deur die verlede te onthou, skep ons die geleentheid vir die volgende geslag om koers en rigting te bepaal vir die stryd van Afrikanernasionalisme.

Tydens die hoofbestuursvergadering is die nuwe finansiële jaar se begroting goedgekeur. Die ANB se finansies is baie gesond. Dit lyk of daar binnekort selfs maandeliks 'n nuusbrief uitgegee sal kan word. 'n Beroep op meer debietorders vir finansiële stabiliteit bly egter op die agenda. Daar was ook 'n verslag oor die organisasie se ander bedrywighede. Dit was duidelik dat veral die voorsitter, mnr. Willie van der Grijp, 'n baie bedrywige jaar agter die rug het. Openbare vergaderings is oor die lengte en breedte van die land gehou en die ANB groei steeds teen 'n baie vinnige tempo.

Mnr. Emil de Villiers, addisionele Dagbestuurslid van die ANB, het tydens die vergadering 'n boeiende lesing aangebied om teenwoordiges se insig op te skerp oor die nuwe aanslag op die Afrikaner en veral op die kultuurfront. Hy het die bedrog van die liberale Afrikaner se skielike belangstelling in taal en kultuur uitgewys.

Hierna het die organiseerders van die dag, die ANB se Voorslag-tak, 'n aandoenlike mosie aan die vergadering voorgehou, wat eenparig aanvaar is. Die mosie het die ANB opgeroep tot hernude stryd



*Jong Afrikanernasionaliste neem deel aan 'n sereemonie waartydens die ANB se vlag die eerste keer amptelik gehys is op dié beweging se Republiekfees in Pretoria. Voor, vlnr is Lizzanne Blank, Bertie Radford, Jana de Villiers en Armand Radford.*

teen die vyande van Afrikanernasionalisme. Die beweging is ook opgeroep tot verootmoediging voor God namens die volk, vir beskerming in hierdie tyd van barbaarse geweld teen ons volk.

Hierna is die vergadering verdaag en die Republiekfeesvieringe kon amptelik begin. Feesgangers kon hul vir middagete verlustig in die verskeidenheid by die kosstalletjies. Daar was boereworsrolle, kerrie en rys, pannekoek, 'n koektafel en ander versnaperinge. Daarbenewens was daar genoeg ander stalletjies om gaste te interesseer. 'n Interessante veiling het later gehelp om die ANB se fondse aan te vul.

Later die middag het die Hartland Perdekommando feesgangers vermaak met verskeie boeresport-items deur die perderuiters, nadat hulle eers die Transvaalse Vierkleur gehys het in 'n aandoenlike sereemonie met die perde. Pretrit vir kinders was ook op die program.

Teen die middag het die sonnetjie lekker oor die terrein gebak en mnr. Johann Grobler, ondervoorsitter van die ANB, het feesgangers op die grasperk in die buitlug toegesprek in 'n kort rede oor Republiekdag. Hy het weer die belangrikheid van 31 Mei vir die Afrikanervolk uitgespel. Hierdie besondere datum verteenwoordig laagtepunte in ons geskiedenis, maar dit verteenwoordig ook van die grootste hoogtepunte, soos die dag waarop ons land 'n Afrikanerrepubliek geword het. Selfs die laagtepunte, soos die vrede van Vereeniging, waarmee ons ons Vryheid in 1902 verloor het, staan ook uit as 'n triomf vir die durf en moed van die Bittereinders. Dit is hulle wat Engeland tot onderhandeling oor vrede gedwing het en daarmee 'n voorbeeld van durf en deursettingsvermoë aan die Afrikanernasionalis van vandag gestel het. Weens die feit dat die Bittereinders nooit hul selfrespek verloor het nie, kon die Afrikaner voortgaan om as volk homself in geloof op te hef en voor te gaan met sy stryd teen vreemde oorheersing.

Die ANB se Republiekfees is afgesluit met 'n heerlike skaapbraai. Afrikanernasionaliste het tot laat dié aand nog gekuier. Die geselskap van geesgenote, heerlike kos en 'n koppie Boeretroos of twee het gemaak dat die winterkoue byna geen faktor was nie.

Sien meer foto's oor die republiekfees op bl. 8.

# ANB NUUSBRIEF KOMMENTAAR

Posbus 293, Ferndale, 2160

e-pos: brintek@hixnet.co.za

## Seker tekens van die komende tweede kommunistiese revolusie

DIE ANC/SAKP-regime het onlangs met een van die belangrikste propagandatruuks sedert sy oornam in 1994 na vore gekom. Die regime se belastingbetaler-gesubsidieerde propaganda-instrument, die SABC, het met groot fanfare aangekondig dat 'n sogenaamde "meningsopname", wat glo onlangs gedoen is, daarop dui dat 'n oorweldigende meerderheid van Suid-Afrika se inwoners baie tevrede is met Thabo Mbeki as president en die ANC as regerende party!

Dit was opmerklik dat die res van die nuusmedia, en veral die pers, nie eintlik baie opgewonde kon raak oor hierdie stukkie kommunistiese propagandabedrog nie. Die rede hiervoor is waarskynlik die feit dat die manne en vroue van die perswese in Suid-Afrika deesdae deeglik besef dat die gemiddelde man op straat in Suid-Afrika by die punt gekom het waar hy nie meer só maklik 'n rat voor die oë gedraai kan word nie. Koerante het, veral weens die feit dat hul lesers direk met hulle kan kommunikeer, 'n baie goeie idee van die gevoel van die meerderheid in die samelewing oor sake van die dag.

Dit is wel waar dat koerante soms ook die publiek se gedagtes probeer manipuleer. Die feit dat Afrikaanse koerante egter deesdae nie anders kan as om daagliks nuus te publiseer oor die algehele verval van die samelewing op verskeie fronte nie, toon duidelik hoe ver die chaotiese toestand reeds gevorder het. Ons het in 'n vorige kommentaar gefokus op misdaad. Daar is egter verskeie ander fronte waarop die verval in Suid-Afrika al hoe sterker na die oppervlakte opkook. Elkeen van hierdie voorbeelde lewer genoegsame bewys dat die huidige regime eerstens nie in staat is om Suid-Afrika – wat onder Afrikanerbewind ver bo die res van ons kontinent uitgestyg het én 'n toonbeeld van doeltreffendheid, groei en vooruitgang was – suksesvol te kan bestuur nie. Tweedens toon die duidelike gebrek aan wil en dryfkrag, wat ondersteun word deur ANC-leiers se soms duielingswekkende arrogansie, uittartende uitsprake en totale gebrek aan verantwoordelikheid dat daar onder die top leierskap 'n doelgerigte strewe is na die verwesenliking van 'n voorafbepaalde kommunistiese doelwit.

Daar is nie baie Afrikaners wat vandag besef dat die kommunistiese revolusie in ons land nog nie voltooi is nie. Ons beleef tans die fase van sogenaamde "transformasie". Net mooi álles moet "getransformeer" word! Die doel hiervan is ook tweeledig. Eerstens word die mag van die Afrikaner en die Witman op elke denkbare front vernietig en vervang met onbevoegde Swart alternatiewe. Tweedens skep die kommuniste in die proses van "transformasie" 'n samelewing van chaos, verval en onbevoegdheid. As daar egter hierteen kritiek kom, word die rassekaart eenvoudig gespeel. En omdat die Afrikaner en die Witman oor die algemeen al tot 'n apologetiese swakkeling geïndoktrineer is, werk die rassekaart steeds doeltreffend. Dit hou die Afrikaner op die agtergrond en dit haal die angel uit enige konfrontasie met die stelsel.

Hierdie situasie skep weer die geleentheid vir die voorbereiding vir 'n tweede kommunistiese revolusie, wat moet volg om die uitklophou te plant. Daarmee sal net een doel bereik word – die man op straat sal finaal enige aanspraak op enige vorm van vryheid verloor. Ons sal uitgelewer word aan die genade van die ware gesig van kommunisme en diktatorskap.

Daar sal sekerlik diegene wees wat die waarskuwings uit die

oogpunt van Afrikanernasionaliste in hierdie dae sal aflag of uitlag. Laat dit dan so wees. Maar diesulkes moet hulself gaan afvra wat dit beteken as dienslewering 'n laagtepunt bereik soos wat ons deesdae beleef? Wat sou hul antwoorde op die volgende vrae wees:

Hoe is dit moontlik dat hanskakie ekonome lofliedere sing oor 'n "groeierende" ekonomie, maar Eskom kan nie eers meer aan produksie vir die basiese behoeftes van die land se elektriese krag voldoen nie? En dít in 'n land wat onder Afrikanerbeheer elektrisiteitsnetwerke oor 'n groot deel van die Afrika-kontinent gebou het! Hoe kan dit goedgaan in 'n land waar gesondheidsdienste so swak geword het dat mense vrees om vir basiese mediese behandeling na 'n staatshospitaal te gaan? Is dit toevallig dat daar die afgelope paar jaar skielik so baie probleme en nywerheidsrampe voorkom by 'n nywerheidsreus soos Sasol? Is dit toevallig, veral as in ag geneem word dat Sasol ook "getransformeer" word en dat bekwame Blanke tegnisi wat Sasol se diens verlaat het, deesdae regoor die wêreld van Nieu-Seeland tot in Kanada en selfs in die Midde-Ooste met ope arms ontvang en in diens geneem word?

Kyk hoe lyk ons land se paaie. Kyk hoe lyk ons spoornetwerk! Kyk hoe lyk dienslewering in die staatsdiens! Maar miljoene rande word bestee om boere wat kos produseer van hul grond af te kry, terwyl die honger hordes byna ongesteurd oor ons grense stroom!

Dan kom die minister van "Veiligheid en Sekuriteit" (sic) en kryt die publiek uit oor hul klagtes en vrese in 'n land waar 'n lewe soms goedkoper as 'n tweedehandse selfoon is!

Enige hoërskoolleerling met standard 8 Ekonomie agter sy naam weet dat ekonomiese groei en werkloosheid nie in een asem genoem kan word nie! Waarom laat Afrikaners dan toe dat hulle belieg word (en glo hulle dié leuen nogal ewe opgewonde) dat Suid-Afrika op pad is na 'n groeikoers van 5 tot 6 persent? Dis mos louter snert! 'n Blinde amateur ekonoom kan met 'n stok aanvoel dat ons land se ekonomie kunsmatig gestimuleer en gekook word. Hoe kan 'n land se ekonomie groei as meer as 'n derde van sy ekonomies aktiewe bevolking werkloos is?

Die huidige toedrag van sake in Suid-Afrika is 'n onteenseglike bewys dat die staatsmodel wat met die hulp van Afrikanerverraaiers en liberaliste onder die Blanke bevolking tot stand gebring is, klaaglik misluk het. Juis daarom sal daar net een grondslag kan wees waarop Afrikaners in die toekoms sal moet bou as daar na eenheid en sukses teen die kommuniste gestreef word. En dít is Afrikanernasionalisme in sy volle glorie van vroeër. Net met Afrikanernasionalisme as basis en apartheid as beleid kan daar voorspoed en vrede in hierdie land wees.

Dit het tyd geword dat ons die woorde van mnr. Jaap Marais, die grootste Afrikanernasionalis van sy tyd, ernstig oordink toe hy byna dertig jaar gelede die volgende gesê het: *"Die sentrale probleem van die Suid-Afrikaanse staatkunde is dat ras en kleur nie maar net 'nuanses van pigmentasie' binne een nasie is nie, maar dui op diepgaande historiese verskille en nog dieper genetiese verskille, wat saam sosiale, kulturele en godsdienstige afstand skep wat onoorbrugbaar is..."* Die tragiese mislukking, verval en ruïnering van 'n eens vooruitstrewende land wat die afgelope 12 jaar voor ons oë in Suid-Afrika afspeel, onderstreep hierdie woorde van Jaap Marais helder en duidelik. Hoe daar ookal daarteen baklei word, hierdie woorde som die rede op waarom die huidige bestel in ons land gedoem is tot mislukking.

Al wat skynbaar vir ons as Afrikanernasionaliste oorbly is om onself voor te berei vir die dag as die totale ineenstorting van ons samelewing kom. En dat dít kóm, dít is verseker! Ons moet bereid wees om die tekens te lees, want hulle word al hoe duideliker. Die belangrikste waarskuwing bly egter dat hierdie ineenstorting gepaard sal gaan met geweld en bloedvergieting. Dit is waarheen die kommuniste met ons op pad is. Dít is waarvoor ons gereed moet wees, as ons wil oorleef en 'n toekoms in hierdie land wil hê. ■

# DIE VERLORE GESLAG

**TEEN druktyd van hierdie uitgawe van die ANB Nuusbrieff was dit duidelik dat die ANC/SAKP-regime vanjaar op 16 Junie, 30 jaar ná die Soweto opstande van 16 Junie 1976, baie aandag aan dié gebeure gaan gee. Daar kan min twyfel wees dat die volle krag van die liberale media én die SABC ingespan gaan word om emosies soos haat onder Swartes en skuldgevoel onder Blankes op te wek. KOOS VENTER gee in hierdie artikel 'n alternatiewe perspektief op "Jeugdag" of "Sowetodag". Daardie gebeure van 1976 was immers die begin van 'n revolusie wat uiteindelik bygedra het tot een van die grootste faktore wat ons land vandag nog verlam – dit was die geboortedatum van die "verlore geslag".**

Die algemene publiek word vandag onder die indruk gebring dat die studente-opstande van 1976 hoofsaaklik gehandel het oor studente se gewaande verset teen Afrikaans as onderrigmedium op skool. Hedendaagse "geskiedenis"-skrywers wil ons graag laat glo dat dit 'n opstand was wat spontaan ontstaan het en wat hoofsaaklik deur studente-organisasies soos die South African Students' Organisation (SASO) en die South African Student's Movement (SASM) georganiseer en gekoördineer is. Hier en daar sal daar ook 'n verwysing wees na ander sogenaamde "ongeregtighede" wat ook bygedra het tot dié opstande en revolusie van 1976 en daarna.

Kyk 'n mens egter dieper na daardie geskiedenis word dit baie gou duidelik dat die Swart studente en skoliere van 1976 inderdaad bruikbare massas was wat deur die kommunistiese leiers gebruik is om momentum aan hul eie revolusie te gee.

Dr. Andries Treurnicht, destyds adjunkminister van Bantoe-administrasie, -Ontwikkeling en -Onderwys onder Minister MC Botha het in Januarie 1976 'n memorandum uitgereik waarin skoolrade aanbeveel is om, ter wille van eenvoudigheid, Afrikaans as voertaal in skole te gebruik. Hierdie memorandum was manna uit die hemel vir die kommuniste. Hulle het die geleentheid raakgesien om massas Swart skoliere en studente op te sweep en betrokke te kry by 'n revolusie wat ongekende momentum aan hul saak kon gee.

Die volle spektrum in die Swart politiek is vooraf reeds ingespan om die sukkelende NP-regering van John Vorster in daardie jaar onder druk te plaas en Swartes op te sweep. So het Gatscha Buthelezi reeds in Maart 1976 radikale uitsprake gemaak en 'n Swart meerderheidsregering geëis op politieke vergaderings. Regoor die land was die ANC en PAC ook deur middel van ondergrondse selle en organisasies soos die Swart Bewussynsbeweging besig om 'n binnelandse revolusie te stook, terwyl 'n oorlog teen die ANC en sy terroriste-vennote op Suid-Afrika se grense gewoed het.

Die kunsmatige woede wat oor die Afrikaans-kwessie op skole gestook is, was dus 'n ideale geleentheid vir die kommuniste om die jeug betrokke te kry by hul revolusie. Net soos die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 kunsmatig aangeblaas is oor die sogenaamde "Uitlanderkwessie", is die eerste kommunistiese revolusie in Suid-Afrika met vals motiewe soos die taalkwessie op skole aangeblaas. In retrospek is dit tog jammer dat John Vorster nie in 1976 die insig van Paul Kruger in 1899 gehad het nie. Kruger se beroemde woorde van destyds was: "*Dis nie die stemreg wat julle wil hê nie, dis my land!*" 'n Mens wonder hoe anders dinge kon verloop het as Vorster destyds erken het dat dit nie moedertaalonderrig op skool was wat as motief agter die opstande gesit het nie, maar die uiteindelijke verowering van ons land. Hoe anders kon die geskiedenis gelyk het as hy destyds onmiddellik die volle krag van sy polisiemag gebruik het om die revolusie in die kiem te smoor? Maar hy het dit toegelaat om landwyd uit te brei en maande lank voort te sloer.

Eers 16 maande later het Vorster se regering die momentum van die revolusie probeer stuit deur 18 radikale organisasies te verban en die radikale Swart koerant *The World* toe te maak. Teen daardie tyd het massas jong Swartes die land begin verlaat om as terroriste in Afrika en die kommunistiese Oosblok opgelei te word.

Nadat John Vorster in September 1978 deur PW Botha opgevolg is, het die NP regering egter binnelands begin verkrummel teen die aanslag van die Swart radikale. 'n Jaar later het PW Botha se regering op aandrang van die Wiehahn- en Riekertkommissies arbeidswetgewing in die land drasties verander. Dit het die pad oopgemaak vir die totstandkoming van Swart vakbonde, wat natuurlik 'n baie

bruikbare nuwe instrument aan die kommuniste gegee het. Later is die United Democratic Front (UDF) ook gestig. Hierdie organisasie was inderdaad 'n front van die verbanne ANC, wat die revolusie onder die Swart massas verdere momentum kon gee.

Die Soweto-opstande, wat op 16 Junie 1976 uitgebars het toe die polisie met plunderende jeugdige gebots het, was dus inderdaad die begin van die kommunistiese revolusie wat die NP-regerings van Vorster, Botha en De Klerk as verskoning gebruik het vir 'n beleid van "hervorming". Hierdie "hervorming" het uiteindelik uitgeloop op De Klerk se oorgawe aan die kommuniste in 1994.

Ruimte ontbreek om volledige statistiek in hierdie artikel te publiseer. 'n Studie van die feite sal egter toon dat die Swartman van Suid-Afrika by verre die beste daaraan toe was wat ontwikkeling en vooruitgang betref in vergelyking met die res van die kontinent. In plaas van die revolusie waarby die massas betrokke geraak het, moes hulle eerder die kommuniste uit hul geledere verdryf het, want meer skole, biblioteke, sportvelde, huise en ontspanningsgeriewe is in die era van ware apartheid vir die Suid-Afrikaanse Swartman met belastinggeld uit die sak van die Blanke minderheid opgerig as in die hele Afrika saam!

Wat het die Swart massas gebaat by die kommunistiese revolusie sedert 16 Junie 1976? Die kommunistiese propagandiste verkondig graag dat hulle "vryheid" en selfs "selfrespek" of "menswaardigheid" daaruit gewen het! As dit nie so tragies was nie, kon sulke uitsprake lagwekkend gewees het. Want hierdie revolusie het nie eers die belangrikste bydrae tot 'n Swart meerderheidsregering gemaak nie! Nee, daardie twyfelagtige eer kom Afrikanerverraaiers toe. Hierdie revolusie het egter 'n "verlore geslag" geskep, wat een van die belangrikste redes is waarom die nuwe Suid-Afrika nie kán slaag nie. Miljoene Swartes het die kans op 'n ordentlike skoolopvoeding misgeloop weens die revolusie! 'n Massa analfabete en halfgeskoolde Swartes is vandag die getuie van hierdie kommunistiese revolusie. Maar steeds word dié "struggle" voorgedru as die rede vir hul "vryheid"! Swartes is vir jare op skool en op universiteit deur politieke inmenging bevorder met die hulp van die manipulasie van puntegemiddeldes en die kook van eksamenuitslae. Dit beteken dat massas Swartes vandag in die land se arbeidskorps opgeneem is en in posisies geplaas is waarvoor hulle nie opgewasse is nie, weens die feit dat hulle – as gevolg van die kommunistiese revolusie en nie as gevolg van apartheid nie – minderwaardige kwalifikasies het.

Weens die gewelddadige aard van die revolusie sedert 16 Junie 1976 sit die "verlore geslag" vandag ook met 'n bloeddorstige element en 'n totale disrespek vir lewe of enige vorm van wet en orde. Dit is die ander groot rede waarom die nuwe Suid-Afrika nie kan slaag nie. Sedert 1976 tot in die vroeë 1990's het Swart kinders daaglik bloed sien vloei en kinders so jonk as 12 het self deelgeneem aan wrede bloedvergieting in die openbaar. Bloed en geweld is vir hierdie "verlore geslag" – die Swartman tussen 16 en 45 – dus doodgewoon en deel van hul lewe. Is dit dan vreemd om te hoor dat mense in Suid-Afrika gemartel of verkrag word of vir 'n selfoon vermoor word? Twee dekades gelede het die misdadigers immers gesien hoe ander kinders op die brandende liggaam van 'n mede lokasiebewoner spring of hoe 'n ander slagoffer op straat met pangas aan stukke gekap word. Dit is deel van sy verwysingsraamwerk, want hy is deel van die verlore geslag van halfgeletterde, bloeddorstige massas wat in die strate van lokasies vol afgebrande skole grootgeword het. En in 1994 het hy glo "vry" geword weens die revolusie wat op 16 Junie 1976 begin is! ■

# BEGINSELS

**VEERTIG Jaar na die moord op dr. H F Verwoerd, roem verskeie Afrikaners daarop dat hul Afrikanernasionaliste is en steeds op die Verwoerd-beginsels staan. In hierdie artikel wys SUSAN BRINK daarop dat Verwoerd as Afrikanernasionalis hoër ideale nagestreef het en dat die vaandeldraers van dié gesogte titel, gesetel is in die Afrikaner Nasionalistiese Beweging (ANB).**

Beginsels word deur baie mense gesien as 'n begrip wat so wyd strek, dat jy met 'n wa en osse daarin kan draai. Beginsels word breedvoerig in die HAT omskryf. Onder andere beteken dit *grondslag, stelreël, morele beskouing waarvolgens 'n mens optree en die oorsprong: "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid"* (Ps. 111:10).

Tradisioneel is Afrikanernasionalisme gekenmerk deur geloof in God drie-Enig en daarnaas die strewe na vryheid. Die "vrees van die Here" was dus 'n ingeboude beginsel. Derhalwe verwys Afrikaners ook graag na hulself as die Godsvolk, die Uitverkore volk, die Gelooftevolk en so meer.

Miskien is die raakste beskrywing van beginsels dié van mnr. Martin Nigrini, wanneer hy dit omskryf as die *aard en wese* van 'n organisasie. Wanneer 'n organisasie Gods Woord as grondslag vooropstel, moet die doelstellings, grondwet en dies meer, ondergeskik daaraan wees. Indien 'n dispuut ontstaan oor 'n moontlike beginsel-afwyking/versaking, is dit tog net logies dat Gods Woord meer gewig sal dra as doelstellings of 'n grondwet.

Die geskiedenis leer egter dat wanneer mense die beginsel van "vrees die Here" versaak en meer gehoorsaam word aan mense as aan God, vlieg alle logika by die venster uit. In sulke gevalle word Die Woord as grondslag, ondergeskik gestel aan die doelstellings en grondwet, omgedop soos ds. Jan Jooste dit gestel het.

## Die Verwoerd-beginsels

Die era van Verwoerd (1958-1966) kan as die model van die verwesenliking van Afrikanernasionalisme beskou word. Verwoerd was die argitek van die Republiek van Suid-Afrika, wat ongekende voorspoed op ekonomiese-, maatskaplike- en alle ander terreine tot gevolg gehad het. Erkennung is gegee aan God drie-Enig in die aanhef van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Verwoerd se wysheid en sukses het ongetwyfeld sy "vrees vir die Here" ten grondslag gehad. Die sestigerjare was gekenmerk deur aanslae uit verskeie oorde op Afrikanernasionalisme, onder andere: Die Britse premier Harold Macmillan se "Winds of change" toespraak in die Suid-Afrikaanse parlement, Sharpeville, die toekenning van die Nobelprys vir vrede aan die ANC-leier, Albert Luthuli, die stryd om Suidwes-Afrika en die uiteindelijke uitspraak van die Wêreldhof. Die mins bekende en mees onderskatte aanslag op Afrikanernasionalisme het egter gekom vanuit die geleedere van koerant-redakteurs en skrywers, veral die Sestigers. Dié aanslag het 'n breuk laat ontstaan tussen die Afrikanernasionalistiese regering en die Sestigerskrywers. Verwoerd het dié aanslae op Afrikanernasionalisme een na die ander afgeweer en nie eens die eerste aanslag op sy lewe, wat hom ernstig verwond het, het hom van stryk gebring nie. Hy het letterlik volhard tot die dood toe.

Verwoerd het 'n bepaalde inhoud verleen aan Afrikanernasionalisme wat onder andere verwoerd is in sy Loskopdam-toespraak. In soverre dit op hierdie artikel van toepassing is, was Verwoerd se beginsels of stelreëls vir sy suksesresep kortliks:

- Die enigste bron van waarde vir 'n leier is die voorreg om te dien en nie te heers nie. Verder moet leiers moedig, eerlik en karaktervol wees. Daar moet ook aan die eis van onselfsugtigheid voldoen word.
- Volkome toepassing van apartheid.
- "...jy kan geen kompromis tussen volke maak nie, en jy kan geen kompromis oor beginsels maak nie, want dit vernietig jou altyd".
- Let op die onsigbare gevaar van liberalisme, want dit is slu.
- Selfhandhaving teenoor binnelandse- en buitelandse druk, op godsdienstige, ekonomiese, diplomatieke, deur die geldmag of watter terrein ookal.
- Jou volkskarakter moet so wees dat jy nie bangmaakbaar is nie.

"...dat jy ook nie bang gemaak kan word teen die vrees van verliese van familie of geld nie".

- Ken gevare en soek gevare, moet nie die maklike pad vat of "maar hier en daar 'n bietjie toegee en kompromisse maak sodat dan gesê word nou is jy ook 'n hoog beskaafde, gekultureerde mens, want jy kan toegee nie".

- "'n Volk bestaan nie net op die politieke terrein nie. Sy lewe is 'n groot geheel, en as mens op die politieke terrein reg is, soos ons dit sal uitdruk, en dit is nie reg op die ander terreine van die lewe nie, dan is daar iets verkeerd met daardie volk. Ons kan nie liberalisties wees in die kerk of liberalisties in die vermaaklikheid of onderwys, of waar dit ook mag wees, en dan konserwatief op die politieke terrein nie. Jy moet een gees dwarsdeur jou hele volksliggaam laat adem as daardie volksliggaam gesond wil bly".

## Die Jaap Marais-beginsels

Sedert die sewentigerjare is dikwels na die Herstigte Nasionale Party (HNP) verwys as *Jaap se party*, daarom die benaming hierbo. Net soos Verwoerd, het mnr. Jaap Marais 'n bepaalde inhoud aan Afrikanernasionalisme verleen. Sy nasionalistiese stryd was in *aard en wese* dieselfde as Verwoerd s'n, maar hy het persoonlik 'n dimensie van heroïsme daaraan verleen, vergelykbaar met die Bittereinders van 1902. Verwoerd het in 'n klimaat van Afrikanernasionalistiese euforie regeer. Daarenteen moes Marais as gebrandmerkte "verkrampde", die Afrikaners wat in ekonomiese voorspoed verswelg was, oortuig dat die pad wat advokaat BJ Vorster ingeslaan het, 'n ernstige Nasionale Party (NP van Verwoerd) beginsel-afwyking verteenwoordig.

Soos Verwoerd, het Marais hoër ideale vir sy volk nagestreef, met ander woorde, beginsels en integriteit wat sy standpunte voorspelbaar gemaak het.

- Die HNP Grondslag, Doelstelling, Program van Beginsels en Riglyne, Hoofstuk Vier par. 5: Kultuuropdrag en Wet van God lees as volg: "Aan die mens, as die kroon van die skepping, het God die opdrag gegee om die aarde te vul, te onderwerp en te beheers. Aan hierdie opdrag moet uitvoering gegee word in gehoorsaamheid aan die Woord van God en Sy allesdekkende wet soos dit geldend is op al die terreine van die lewe. Hiertoe moet die owerheid ook almal oproep, sodat die anti-Christelike en anti-nasionale strewe te gronde gerig kan word".

Par.18 Openbare sedelikheid lees as volg: "Die owerheid moet toesien dat alles wat die Christelike sedes en integriteit van die volkere op die openbare terrein bedreig, geweerd word. Met inagneming van die burgervryheid moet in die besonder daarvoor gesorg word dat alle massakommunikasie-middele – hetsy in die vorm van radio, rolprent, boek, tydskrif, koerant of televisie – met hulle geweldige openbare invloed nie die vryheid misbruik om die Christelike-nasionale lewensbeskouing in die algemeen en die Christelike sedes in besonder, of die vryheid van die volk, of die onskendbaarheid van die vaderland wat hulle moet bedien en waaruit hulle, hulle bestaan maak, af te takel nie".

## Die ANB-beginsels

Alhoewel die ANB nie 'n politieke party is nie, is sy *aard en wese* dieselfde as dié van Verwoerd se NP en Jaap Marais se HNP. Die ANB het egter in sy grondslag die "vrees van die Here"-beginsel skerp omlin, deurdat daar na 'n spesifieke Bybelvertaling, naamlik die 1933/1953 verwys word. Tradisionele Afrikanernasionalisme word dus verder begrens.

(Vervolg op bl. 5)



# Beginsels (vervolg)

## Patroon van beginselafwyking/versaking

- Nie Gods Woord (grondslag) nie, maar die grondwet en doelstellings word die bron van alle wysheid.
- Daar word altyd beweer dat die nuwe pad wat gevolg word, dieselfde pad is as dié van vorige leiers, al strook dit nie met logika nie.
- Nuwe idees of voorstelle word aan lede en ondersteuners voorgelê as voordelig en verstandig.
- Onvermydelike katastrofes word uitgespel indien die nuwe idees of voorstelle nie aanvaar word nie.
- Ontkenning dat die nuwe idees of voorstelle 'n beginselafwyking/versaking verteenwoordig.
- Vermomming van beginselafwykings, deur dit as strategieë voor te hou.
- Sensurering van die pers ten gunste van die beginselafwykers.
- Mosies van vertroue in leiers ten koste van beginsels, is aan die orde van die dag.
- Dié wat nie met die nuwe idees of voorstelle saamgaan nie, word etiketteer as verkramptes, afvalliges, kwaadwilliges, skeurmakers, wegbrekers, en so meer.
- Dreigemente, laster en smeerveldtogte teen lede.
- Verdraaiing van die waarheid en verkondiging van halwe waarhede kom algemeen voor.
- Oneerlikheid ten opsigte van vergaderingprosedures en -notules.
- Negering van morele meerderwaardigheid wat die kiem van selfvernietiging dra.

## Twee Maori's en 'n rubrieksrywer

Wat is die verband tussen twee Maori's in 'n voornemende rugbyspan in 1969 en dr. Dan Roodt as rubrieksrywer van *Die Afrikaner*, amptelike mondstuk van die HNP, in 2004? Dit was 'n herhaling van die geskiedenis! Beide verteenwoordig 'n beginselafwyking en het tot skeuring gelei.

### Die Maori - insident:

Gemeet aan die Verwoerd-beginsels, was Vorster nie eerlik toe hy beweer het dat sy pad, die pad van Verwoerd sal wees nie. Apartheid is nie in rugby volkome toegepas nie. Die gevare (gevolge) van gemengde sport op die hele samelewing is nie gesoek nie en veral dié van die slu liberalisme is verontagsaam. Moedigheid het ontbreek toe die volk met internasionale isolasie bang gemaak is en kompromisse oor beginsels is gemaak. Selfhandhawing teenoor buitelandse (Nieu-Seeland) en geldmagdruk is verontagsaam en die allerbelangrikste, wat die kulminasie van al bogenoemde is – die volksliggaam het siek geword, omdat die beginsel van een gees adem op alle terreine versak is.

### Die rubrieksrywer:

Gemeet aan die Verwoerd- sowel as Jaap Marais-beginsels hierbo, was die betrekking van 'n selferkende liberalis as rubrieksrywer in 'n Afrikanernasionalistiese koerant, 'n beginselafwyking. Die mees uitstaande kenmerk van dié beginsels, waartussen kwalik 'n nuanse verskil is, is dat daar een gees geadem moet word op alle terreine van die lewe.

Om meer lig te werp op dié skrywery as beginselafwyking, moet die verloop van die geskiedenis in ag geneem word.

## Verwoerd en die Sestigskrywers

Soos voorheen genoem, was daar in die sestigerjare 'n minder bekende, maar doelbewuste aanslag op Afrikanernasionalisme vanuit kulturgeleedere. Die Sestigskrywers is deur die Wes-Europese denkklimaat beïnvloed, wat die skeiding van politiek en godsdiens (kultuur) bewerkstellig het en staan bekend as die Europese Verligting. Die Sestigskrywers het pornografies- en Godslasterlike geskrifte die lig laat sien en was deurentyd teen sensuur, Afrikanerheerskappy én apartheid gekant. Die Sestiger skrywery was dus 'n uitdaging van Verwoerd se een gees adem op alle terreine. Hierdie uitdaging manifesteer sterk met die toekenning van die Hertzogprys vir prosa in

1964 aan die Sestiger, Etienne Leroux, vir sy werk *Sewe dae by die Silbersteins*, wat as pornografies en immoreel bestempel is, gesien vanuit die sogenaamde "verkrampte kamp" (Hertzog-groep en latere HNP's) in die NP. Dié kamp het na die toekenning, die Akademie vir Wetenskap en Kuns van liberalisme beskuldig. Onder die lede van dié kamp was di. A J G Oosthuizen en AP Potgieter. Laasgenoemde het gesê dat "hy nie van beter propaganda vir die Kommuniste weet as juis Leroux se boek nie".

In 1966 het prof. NP van Wyk Louw se drama *Die Pluimsaad Waai Ver*, opgevoer deur TRUK in Pretoria, hom die gramskap van Verwoerd op die hals gehaal. Verwoerd het nie gehuiwer om die doyen van die Afrikaanse skrywers oor die vingers te tik in sy Republiekdag feesrede op 31 Mei 1966 nie. Verwoerd het onder andere die wens uitgespreek dat 'n geslag van skrywers sal opstaan om "ook die prestasies van die volk te besing". Dit het 'n letterkundige polemiek veroorsaak, wat die 'verkrampte' kamp 'n veldtog laat begin het om "nasionale en volksletterkunde" te bevorder. Louw het heftig reageer en op sy beurt in *Wurm* (letterkundige tydskrif) van Desember 1966 die "politiek-filosofiese" grondslag van die geskil in Afrikanergeleedere geskets en onder andere beweer dat "Nasionaal sluit albei liberaal en konserwatief in..."!

'Verkrampte' Afrikanernasionaliste het dus vóór die moord op Verwoerd dit eens met Verwoerd gehad, dat die aanslag vanuit die kulturgeleedere in stryd is met die Verwoerd-beginsels soos vervat in die Loskopdam-toespraak en dat dit 'n aanslag op die aard en wese van Afrikanernasionalisme was.

Na die moord op Verwoerd het ds. Jan Jooste 'n uitdaging gerig aan Vorster en ander Afrikanerleiers: "Die leiers op elke gebied van die Afrikanervolk moet gevra word om hulself weer 'n slag af te vra of hulle nog besig is om die Christelik-nasionale pad te loop".

Jaap Marais het ook die gevaar verwoord wat skeiding van politiek en godsdiens (kultuur) vir Afrikanernasionalisme inhou, toe hy vir Vorster in *Die Papegaaie* (Tukkie publikasie) van 8 Augustus 1968 gewaarsku het: "Kunsmatige skeiding van die politiek en die kultuur van die Afrikaner, sodat Afrikanernasionalisme politieke gespreke buite aksie gestel word".

Hierdie stelling van Jaap Marais word deur 'n liberale joernalis, Hennie Serfontein beaam, wanneer hy sê "Politieke mag, invloed en beheer van Afrikaanse Nasionalisme gaan hand aan hand met invloed op die kultuurfront...".

Na die moord op Verwoerd het die stryd tussen die 'verkrampte' kamp en "uitwaartse" Afrikaners verhewig. Dr. PJ Meyer het as voorsitter van die Broederbond, gesê dat "...nou kom die ergste domheid waardeur ons volk verdeel word... Die gevaar van regs is natuurlik die 'gevaar' van te besliste norme, te hoë eise, wat soms toegepas word op maniere wat dan nie rekening sou hou met 'besondere' omstandighede nie...".

Asof ook profeties voorspel vir die jaar 2004, het Jaap Marais ten opsigte van die geveg binne die NP teen die 'verkramptes', op 24 November 1967 gesê "Those who identified the Right as the danger were preparing the ground for alliances with the Left". (S.A. Observer, 12/1967)

Dit was die voorspel tot Jaap Marais se waarskuwing aan Vorster, dat 'n party nie skeur oor leierskap nie, maar oor beginsels!

## Die wedergebore Sestiger – 'n beginselafwyking

In 2004 is Roodt die uitgewer van Kleinboer se *Kontrei* en sy eie roman *Moltrein*, wat net soos die Sestiger geskrifte, 'n bemoeienis met die maatskappy en pornografies-sadisties van aard is. Moltrein het 'n gebrek aan diepsinnige opmerkings oor die godsdiens en is ook 'n soort outobiografie van Roodt.

Net soos tydens die era van Verwoerd, was dit 'n aanslag op die aard en wese van Afrikanernasionalisme. Anders as met die Sestigskrywers was hierdie aanslag egter in die gewaad van 'n duif (slu liberalisme). Skerper van intellek as sy persoonlike vriend Breyten Breytenbach en ander Sestigskrywers wat openlik rebelleer het, meld hy homself aan as die groot Afrikaanse taalvegter, politieke wysgeer en

(Vervolg op bl. 7)

# DIE VOLTOOIING VAN DIE KRING

**Die Afrikaner was nog altyd bekend as 'n Christen-gelowige volk. Daarom maak dit sin dat daar op hierdie front 'n groot aanslag teen die volk gemaak sal word in die poging om hom te vernietig. CHRISTINA VORSTER bekyk in hierdie artikel die rol van die Afrikaanse Kerke en die SARK (Suid-Afrikaanse Raad van Kerke) in die bevordering van 'n kommunistiese Een Wêreldstaat.**

In 1995 moes Afrikaners geskok verneem dat die NG Kerk volle lid van die SARK word. Tien jaar later maak beide NG susters kerke aanstalties om in haar spore te volg. Dis egter reeds met die toetrede van die NG Kerk, dat die gelowige die begin van die voltooiing van 'n bouse kring sien naamlik die aanslag op die Afrikaner se diepste fondament, sy geloof.

Hierdie aanslag is begin deur die kommunistiese Wêreld Raad van Kerke (WRK), ouboet van die SARK. Gestig te Amsterdam in 1948 onder die tema *"Die mens se Wanorde en God se Ontwerp"*, was die WRK 'n ekumeniese liggaam waarin Protestantse kerke met eenderse belydenis mekaar kon ontmoet. Sy ware kleure het egter gou gewys toe hy die kolonialistiese rol van Europese lande in Afrika begin veroordeel.

Intussen het die liberale wêreld begin roep om die "bevryding" van Afrika en het vele Afrika lande (met kommunistiese ondersteuning) 'n bloedige "onafhanklikheid" verkry. Dit was *"Scramble out of Africa"* want Uhuru het geheers en rasse spanning is voortdurend deur kommunistiese agente aangewakker: *"Deurdat ons die gekleurde rasse onophoudelik inprent dat hulle ...deur die blankes onderdruk is, kan ons hulle wen vir...die kommunistiese party."*

In antwoord hierop het die Afrikaanse kerke, by monde van die NG Kerklike Kongres (1950), verklaar: *"Die beleid van uiteindelik vermenging word verwerp omdat dit lei tot onnodige botsings tussen die twee rasse, en tot die ondergraving van die toekoms van die blanke ras...tot groot nadeel van...die Christelike beskawing van Afrika."* Dit het die WRK se haat laat opvlam. In 1954 te Evanston, VSA, verdoem hy *"alle politieke, sosiale en ekonomiese diskriminasie gebaseer op rasgronde... as teen die wil van God"* en verklaar dat *"daar in beginsel geen beswaar kan wees teen gemengde huwelike nie."* Terselfdertyd word 'n voorstel om 'n sinsnede in een van die WRK se resolusies in te skryf, verwerp. Dit sou lui: *"Daar is en kan geen affiniteit tussen Christendom en ateïstiese kommunisme wees nie."*

Hiermee het die WRK kommunisme omhels, soos duidelik blyk uit die aard van sy Aksie programme: Blaas hoog die vlam van rasse spanning en vertel die nie-blanke rasse onophoudelik dat hulle deur die blankes met hul wit God se apartheid onderdruk word.

So word die Afrikaanse kerke dan deur die WRK beskuldig dat hulle in hul onversoenlikheid ware Christelike eenheid verydel het. *"Versoening is die doel waarvoor Christus gely en gesterf het... Wie dus afsonderlikheid... aanhang... maak hom aan kettery skuldig en het geen plek in die Christelike gemeenskap nie..."*

Afrikaanse kerke moet skuld bely omdat hulle apartheid positief bevorder het pleks van veroordeel het. Hulle moet aktief deelneem aan die aftakeling daarvan... en die opstand teen God se skeidings orde steun.

Op die oog af is die WRK aanslag goed weerstaan. Maar agter die skerms is WRK vergaderings deur Afrikaanse kerk leiers bygewoon, waar die Evanston standpunt sterk uitgedra is. So is die Cottesloe besluite uiteindelik, danksy Judas in die NG kerk leiding, met die vereiste meerderheid van 80% aanvaar...

Maar wat het tot Cottesloe gelei? Op 21 Maart 1960, drom duisende swart mense (deur die ANC/PAC aangehits) om die Sharpeville polisie stasie saam, uit protes teen die witman se wet. Hulle neem 'n al dreigende houding in, totdat die polisie móés skiet.

Die skote het oor die wêreld weerklink. Dadelik wou die WRK van sy Afrikaanse lidkerke (Hervormd en NGK) weet wat hulle doen om die hoogs gespanne rasse situasie (deur die WRK self aangeblaas) te ontfont! 'n Kerklike beraad word gereël en op 7 Desember 1960 kom agt kerke, onder leiding van die WRK, in 'n

koshuis (Cottesloe) aan die Rand, bymekaar. Die besluite lui dat rasse spanning deur die apartheidsbeleid veroorsaak word en hierdie beleidsrigting dus verlaat moet word.

Ten spyte van die rol wat hul Judas leiers by Cottesloe gespeel het, het die Afrikaanse Kerke hul onmiddellik van hierdie besluite gedistansieer en lidmaatskap met die WRK opgesê. Daar sou dit egter nie eindig nie. Die WRK het die stryd, wat die wêreld op politieke vlak teen God se orde (apartheid) gevoer het, op kerklike vlak voortgesit.

Die aanslag op God se orde vereis dat die ordelike verskeidenheid van volke moet verdwyn en daarom ook die Afrikanervolk. Die Afrikaner se politieke krag is egter in sy geloof in God drie-Enig gesetel. Kap die fondament van sy geloof onder sy voete weg, dan verbreek sy weerstand. Op Cottesloe het SPROCAS gevolg en op SPROCAS sou volg die Marxistiese Kairos dokument, Rustenburg skuldbelydenis en... die belydenis van Belhar. Intussen was die WRK steeds druk besig om rasse spanning in Afrika aan te wakker. In 1970 loods die WRK die 'Program to Combat Racism', waarvolgens "bevrydings aktiviste" (SWAPO, PAC, ANC...) reusagtige somme geld, in naam van humanitêre hulp, ontvang.

Verder besluit die WRK om Swart Kerke van *'theological conservatism'* te bevry, waarop baie sendelinge uit Afrika onttrek word. *"This left many young churches without oversight, so that they came under the influence of Marxist 'liberation theologians' and 'liberation movements'... They were shown a completely new Jesus - Jesus the militant revolutionary..."*

Met die een hand het die WRK terrorisme veroordeel en met die ander die "Bevrydings bewegings" as in ooreenstemming met Christus se lydensweg verklaar.

Onderhoudvoerder: *"Their methods have been pretty violent though; are they justified?"*

Rev Elliott Kendall (British Council of Churches): *"Their methods are the methods of armed struggle. I think one would say that on the whole the liberation movements in Africa have been acting responsibly in their armed struggle and the use of terrorism is not really a correct description."*

Die WRK het verder buitelandse banke aangemoedig om die RSA en SWA finansiële te boikot. Hul verklaring bring 'n wrang glimlag om die mond: *"...the WCC saw their policy as a last attempt to bring about non-violent change. In this they had the support of the SACC."*

Hier het die SARK dus na vore begin getree. In 1986 reël die SARK en WRK saam 'n globale "ekumeniese" jeug byeenkoms in Harare. Met gebalde vuiste, is daar geroep om die vrylating en ontbaning van terroriste en uiteindelik verklaar hulle: *"Daarom hou ons die geloof in die gekruisigde Christus hoog...in ons dade van bevryding..."*

Watter Christus? Watter bevryding? In *Die Burger* (1987) is die SARK bestempel as die plaaslike arm van die WRK. Hulle aanbid dieselfde valse Christus as wegbereiders vir die Antichris:

- Die SARK het beskerming en hulp verleen aan die "bevryding aktiviste" wat die WRK finansier: "Vir die doel het die SARK ...oral in die land "sanctuaries" of toevlugsoorde vir veiligheidswet oortreders" opgerig en aan "mense wat...in aanhouding was op aanklagte van...verraad, moord, brandstigting, die besit van petrolbomme, plofstowwe en ammunisie", regshulp verleen.

- Die SARK het (soos die WRK) militêre geweld veroordeel, maar volgens die SARK word militêre geweld gepleeg deur dié wat die Suid-Afrikaanse landsgrense teen "bevryding aktiviste" verdedig. Op sy jaarlikse konferensie (1974) het die SARK dit as volg gestel: *"...ons (moet) 'aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense'... In die lig van bogenoemde wil die konferensie... daarmee volhou dat*

*(Vervolg op bl. 7)*

## Die Voltooiing van die Kring (vervolg)

*dit skynheilig is om die geweld van terroriste of vryheidsvegters te betreur terwyl ons... ons samelewing met sy primêre, geïnstitueerde geweld met steeds meer geweld te verdedig;*

*...daarop wys dat die...onderdrukking waaronder die swart mense van Suid-Afrika gebuk gaan, veel erger is as dit waarteen die Afrikaners hulle Eerste en Tweede Vryheidsoorloë gevoer het, en dat as ons die Afrikaner se toevlug tot geweld...geregverdig het...dit skynheilig is om te ontken dat dieselfde vandag vir die swart mense in hulle worsteling geld; ...Die konferensie betreur geweld as 'n metode om probleme op te los... "*

Die SARK het sover gegaan as om met 'n *'End of conscription Campaign'* kerke aan te moedig om kant te kies teen verpligte diensplig. Waar egter geywer word vir die 'bevryding' van die "onderdrukte", geld: "aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" en is militêre geweld verskoonbaar. Ook in die Lusaka verklaring wat die SARK aanvaar het, word hierdie soort geweld verskoon. Hier het ons te make met die Bevrydingsteologie se totaal onchristelike beskouing van geweld.

*"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self..." (Matt 23:14-15)*

● Nes die WRK, was die SARK ook nog altyd 'n goeie vriend van die marxistiese ANC, PAC en SWAPO, soos hul self verklaar het: *"The participation of all people in a democratic, non-racial, non-sexist, and just society was as important to the SACC as to the ANC."*

Daar is voortdurend betoog vir die vrylating van Nelson Mandela. Selfs in 1987, twaalf volblad "Unban the ANC"-advertensies gepubliseer, om die ANC se 75 ste bestaansjaar te vier. Dit was ook die SARK wat die geld voorgeskiet om mense in leiers poste na Dakar te stuur om met die ANC te gaan praat. Stap vir stap het die SARK gedoen wat die ANC van oorsae af voorgeskryf het, soos deur die Eloff kommissie van Ondersoek uitgewys.

*"So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtheid." (Matt 23:28)*

## Beginnels (vervolg)

redder van die Afrikanervolk.

Pas na die verskyning van *Moltrein* word Roodt te midde van omstredeheid, betrek as rubriekskrywer van *Die Afrikaner*. Met die intrapslag lewer Roodt 'n pleidooi dat ons die Sestiger, Jan Rabie (op Stellenbosch as kommunist uitgekryt) as groot Afrikanernasionalis moet eer en dat ons in Afrikaans moet "lustig renaissans". Dit is nou om Afrikaans weergebore te laat word en meer spesifiek om volgens hom Afrikanernasionalisme te rehabiliteer volgens die Sestigermorme, met ander woorde 'n beroep op pornografie, anti-sensuur, anti-apartheid en Godslastering. Miskien word Roodt se afsku van Verwoerd en Jaap Marais se een gees adem op alle terreine die beste opgesom met sy opmerkings in 2002, dat as ons *"ons politiek volgens Bybelse norme bedryf.. is ons weer terug in die Middeleeue"* en dat *"vir my is die allerbelangrikste dat ons begin om in Afrikaans politiek en godsdiens te skei"*. Roodt het dus as ge-renaisaansde (wedergebore) Sestiger, 'n platvorm in die hart van Afrikanernasionalisme gekry om sy slu liberalisme te verkondig, wat hy maksimaal benut het.

Hoe suksesvol Roodt met sy renaissans-veldtog was, blyk onder andere daaruit dat die onlangse KKNK op Oudtshoorn, gehoor gegee het aan Roodt se renaissans oproep. *Die Renaissance van Afrikaans* was nie net die hooftema van die fees nie, maar daar was 'n wedergeboorte en 'verbetering' op vorige jare se kwota anti-apartheid-, riooltaal- en Godslasterlike uitsprake. Die Sestiger digter en kultusfiguur Ingrid Jonker, is uitgesonder vir spesiale lofliedere, gesien haar besondere bydrae teen apartheid en heldeverering deur Mandela.

Afrikanernasionalisme is soos Jaap Marais dit gestel het, 'n vertikale lyn – bo na God, en binne na die wesenskern van die volk, in teenstelling met die horisontale lyn van die liberalisme en Renaissance humanisme.

In hierdie vriendskapsverhouding van die ANC en SARK vind ons die uiteindelijke nadering van die voltooiing van die sirkel, die bese kring. Die besluit van die NG Kerk om volle lid van die SARK te word, is deur die ANC hartlik verwelkom. *"... We are keenly looking forward to the continuing contribution of the SACC and all churches in South Africa – and indeed all religions – to the reconstruction and development of a truly united and peaceful South Africa."*

*"...and indeed all religions..."!* Op 20 Julie 2004 word, op versoek van 'n ANC Minister, 'n "interfaith" kommissie gevorm (met die Algemene Sekretaris van die SARK aan die spits) om armoede en VIGS te help bestry. Dis maar een van vele.

Vandat die ANC regering die Christelike wette geskrap en verander het, was misdaad en lae sedelike lewenspeil (aborsies, homoseksualisme) aan die orde van die dag en het op hul beurt armoede en VIGS tot gevolg. Die kerke (saamgesnoer deur die SARK) gee gewillig gehoor aan die oproep om, sáám met ander gelowe, armoede en VIGS te bestry deur die morele orde verder te ondermyn!

Dit is niks anders nie as die program van aksie wat in die Kairos dokument vir die kerk uitgespel is nl. dat die kerk deur aksies, dade, veldtogte, projekte en in al sy kerklike bedrywighede "bevryding" moet verkondig. Nie bevryding van armoede en ellende nie, maar bevryding van Christelike "bande". (Ps.2:3)

Insteede van slegs dié sosiaal opheffende godsdiens te verkondig, moet kerke sosialistiese projekte ondersteun en die bestaande orde verder omverwerp. Dit is waarmee die SARK hom besig hou, en dit is waarmee ook die WRK en die Wêreld kommuniste hul besig hou. Dit is egter níé die taak van die ware kerk om aan projekte en veldtogte deel te neem nie.

Die Bybel se antwoord vir die gelowige se taak in hierdie wêreld is tegelykertyd vertroostend en versterkend: *"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? ...soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word..." (Matt 6:31-33)*

In die toetreding van die Afrikaanse Kerke tot die SARK (en dus ook die WRK), sien die gelowige die wegbereiding vir die groot Antichris, maar hoor bowenal die naderende voetstappe van onse Here Jesus Christus.

Gemeen aan die voorafgaande, die kern van die Verwoerd- en Jaap Marais-beginsels hierbo en Roodt se uitsprake in 2005 in *Beeld* en op die KKNK, dat hy nie 'n "regse" is nie en nie sedert die tagtigerjare "van een rigting na 'n ander bekeer is nie", is die beginselafwyking so duidelik soos daglig. Tussen Roodt en Afrikanernasionalisme is 'n onweerlegbare en onoorbrugbare breuk.

### Slotsom

Die Sestigers en koerantredakteurs het tydens die Verwoerd era, die klimaat geskep vir die Maori beginselafwyking, wat tot skeuring in die NP gelei het. Met die hulp van 'n koerantredakteur, het die akkommodering van 'n wedergebore Sestiger, op sy beurt, vyf en dertig jaar later, gelei tot die skeuring in die HNP.

Net soos in 1969 toe die sogenaamde verkramptes die HNP gestig het, het die sogenaamde afvallige en kwaadwillige skeurmakkers in November 2004, die ANB gestig. Beide gebeurtenisse was 'n terugkeer na die aard en wese van Afrikanernasionalisme soos deur Verwoerd en Jaap Marais verwoerd.

Die vraag is, moes ons nie maar ter wille van Afrikaner eenheid, ons beginsels prysgegee het en ingeval het by die akkommodering van 'n selferkende liberalis in ons midde nie? Hierop antwoord die uitgeskopte NP minister, dr. Albert Hertzog namens die ANB's: *"Hoe maklik sou dit nie gewees het om net eenvoudig weg te hardloop nie? Hoe maklik sou dit nie gewees het om net te kon sê dat Ermelo onneembaar is en daarom moet ek op 'n ander plek gaan staan of glad nie staan nie. Dit sou maklik wees, sonder belediging en sonder vernedering. Maar as ek dit sou doen, sou dit die indruk skep dat ons nie meer seker van ons saak is nie; dat ons klaar verloor het. En weghardloop besiel niemand nie. Ek moes maar deur hierdie onaangename tyd en dit gaan baie onaangenaam wees, dit weet ek. Want Ermelo is vol van my vriende"*.

(Vervolg op bl. 8)

# ANB SE REPUBLIEKFEES IN BEELD



(Bo) Die Hartland-perdekommando op parade vir die hysing van die Vierkleur van Transvaal



(Bo) Kommandant Peet Dorfling, bevelvoerder van die Hartland Perdekommando, was ook die wenner van een van die boeresport-items waaraan perderuiters deelgeneem het. Hier steek hy 'n vlag in 'n drom met sy perd op volle vaart.



(Bo) Mnr. Tonie Meiring en mev. Magriet van Deventer, die twee hoof-organiseerders van die Republiekfees, wat namens die Voorslag-tak van die ANB 'n reuse bydrae gelewer het met die reëlings van die dag.



(Bo) Mnr. Johann Grobler, onder-voorsitter van die ANB, spreek die gaste toe oor Republiekdag.

## Volksbrandwag 2 jaar oud!

### Verjaardag vieringe! Uitnodiging!

Alle Afrikanernasionaliste word uitgenooi om op Saterdag 29 Julie 2006 die Jaarvergadering van die Volksbrandwag wat saam val met 2de verjaardag vieringe van die Volksbrandwag by te woon.

Die vergadering begin om 09:30 wat deur alle Volksbrandwaglede bygewoon moet word, waarby ander Afrikanernasionaliste ook welkom is.

Die verjaardag vieringe begin om 13:30 wat 'n geleentheid bied vir die wat nie vroeër kan kom nie om ook gesellig saam met ons te kan verkeer.

Die program vir die dag belooft om elke Afrikaner hart warm te laat klop.

Moet nie vir die middag kos inpak nie. 'n Heerlike potjie met porsies @ R30-00 vir volwassenes, R15-00 vir kinders onder 16 en gratis vir kleuters sal voorgesit word. Bespreek vroegtydig om logistieke probleme rondom die kos uit te skakel.

**PLEK:** Bergrus, die voëlparadys van Piet en Petro van den Bergh op die Molottopad buite Pretoria. 'n Roete kaart is op aanvraag beskikbaar.

Vir meer besonderhede en navrae skakel:

**082 532 9656 of 072 445 4835 of  
082 324 8637 of 015-307 1614 of 014-721 0007**

## Beginnens (vervolg)

Dié wat in die destydse NP en HNP van 2004 oorgebly het, het hulself vereenselwig met die Les van die Europese Verligting en daardeur die een gees adem op alle terreine versaak. Net soos met die meeste regse Europese politieke partye, het die NP én HNP die "vrees van die Here" beginsel versaak, wat hul karakter hoogstens nasionalisties maak. Die eiesoortige titel van Afrikanernasionalisme het outomaties verval. Die ANB's is dus vandag die trotse wedergebore 'verkrampes' en die regmatige vaandeldraers van Afrikanernasionalisme, wat een gees adem op alle terreine en wie se aard en wese só eng begrens is, dat 'n os skaars daarin kan draai, laat staan nog die wa!

## ANB KONTAK BESONDERHEDE

Indien u enige verdere inligting verlang kontak gerus enige van die ANB Dagbestuurslede.

- Willie van der Grijp (Voorsitter) - Tel (082) 532 9656
- Johann Grobler (Ondervoorsitter) - Tel (014) 763-3920
- Mornay Jansen (Penningmeester) - Tel (051) 446-2513
- Jannie Brink (Sekretaris) - Tel (011) 787-7895
- Faks (011) 787-8312
- Emile de Villiers (Addisionele lid) - Tel (082) 651 6775

Rig alle korrespondensie aan:

**Die Sekretaris**

**Afrikaner Nasionalistiese Beweging**

**Posbus 293, Ferndale, 2160**

e-pos: brintek@hixnet.co.za

## DONASIES

Donasies is baie welkom en kan inbetaal word in die ANB se bankrekening.

Eerste Nasionale Bank

Rekeningnommer: **6207 397 999 3**

Brandwagtak Bloemfontein

(Takkode **23 05 34**)